basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Moenie in potlood skryf nie.

12. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1–1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.6, 1.7 en 1.8 moet jy jou eie titel gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Dit was 'n lekker vakansie **[50]**


1.2 My gunsteling televisieprogram(me) **[50]**

1.3 As my skoolskoene kon praat ... **[50]**

1.4 Vriende sal jou altyd help **[50]**

1.5 Tyd **[50]**

1.6




[Bron: www.shutterstock.com] **[50]**

1.7



[Bron: *Die Burger*, 31 Desember 2022] **[50]**

1.8




[Bron: jpg] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy sien op Facebook dat jou beste maat baie keer lelike dinge van ander mense sê. Jy is bang dat jou maat in die moeilikheid gaan beland.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou maat en praat met hom/haar hieroor. **[30]**

2.2 **E-POS**

Jy wil by die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) aansoek doen om verder te gaan studeer.

Skryf 'n E-POS aan die registrateur van die universiteit. Doen navraag oor alles wat jy graag wil weet omtrent die kursus waarin jy belangstel en die registrasieproses. **[30]**

2.3 **NOTULE VAN VERGADERING**

Jy is die voorsitter van die komitee van leerders wat die afskeid moet reël van onderwysers wat julle skool gaan verlaat. Julle het 'n vergadering gehou om reëlings vir die afskeid te bespreek.

Hieronder volg die AGENDA van hierdie vergadering. Skryf nou die NOTULE van die vergadering.

AGENDA vir vergadering van die AFSKEIDSKOMITEE

1. Opening en verwelkoming
2. Presensielys
3. Vorige notule
4. Sake uit vorige notule
5. Nuwe sake:
   5.1 Plek vir die afskeid
   5.2 Tema vir die afskeid
   5.3 Finansies
   5.4 Wie doen wat
6. Algemeen
7. Afsluiting

**[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jy is 'n suksesvolle gebruiker van *TikTok* wat mense positief beïnvloed. Die skoolhoof wil graag hê jy moet die ander leerders motiveer om 'n verskil te maak. Hy het jou gevra om met die leerders oor die volgende onderwerp te praat:

Ek wil 'n verskil maak ... My pad na *TikTok*-sukses!

Skryf jou INFORMELE TOESPRAAK neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 3.1 ADVERTENSIE

Julle klas wil hamburgers en vetkoeke by die skool verkoop om geld in te samel vir 'n Kersfeesete vir die oumense in julle gemeenskap. Jy is verantwoordelik vir die advertensie. Jy moet ook noem waarom dit so belangrik is om die oumense te help.

Ontwerp die ADVERTENSIE. **[20]**

### 3.2 KORT TEKSBOODSKAP (*WhatsApp*)

Jy het in julle skoolkoerant gelees dat twee van julle skool se leerders R5 000 in 'n leeskompetisie gewen het. Die redakteur van die skoolkoerant wil weet wat jý van hierdie storie dink.

Skryf jou KORT TEKSBOODSKAP neer. **[20]**

### 3.3 RIGTINGAANWYSINGS

Jou vriende wat op 'n ander dorp woon, kom by jou kuier.

Gee vir hulle duidelike rigtingaanwysings hoe om van die garage buite jou dorp tot by jou huis te kom. Noem 'n paar straatname en bakens.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys, onder mekaar en in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou